

Benoeming as literêre taalhandeling: *Ontmoeting by Dwaaldrif*

M.J. Prins

Opsomming

Name, naamgewing en benoeming speel 'n belangrike rol in Henriette Grové se hoorspel *Ontmoeting by Dwaaldrif*. Die mees basiese funksie van hierdie taalhandeling is dié van identifikasie. Die eienaam is identifiserend, maar nie noodwendig deskriptief nie. Die soortnaam is weer nie genoegsaam deskriptief nie. Eiename is 'etiketname', hoewel dit ook soms deskriptief aangewend kan word. In hierdie verband word John Lyons se ontleding van die konsepte *referensie* en *denotasie* breedvoerig behandel.

Digterlike benoeming behels die vind van 'n algemeen menslike idee of 'oerband'. Erbeveld kom na Leipoldt as digter omdat hy wil hê sy 'stof' moet behoorlik 'benoem' word. Oor presies *hoe* dit moet gebeur, verskil hy en die digter egter skerp. Vir die digter het die benoemingshandeling die vermoë om dinge te voorskyn te roep. Vir Erbeveld gaan dit dáárom dat die regte 'soortnaam' aan hom gekoppel moet word. Verder skryf hy aan Leipoldt voor dat hierdie benoeming in 'n bepaalde literêre genre, nl. die treurspel, moet geskied. Hy wil ook geen speling laat vir die digterlike verbeelding nie: sy opstand moet histories korrek benoem word.

As digter is Leipoldt egter meer geïnteresseerd in die 'kern' van dinge as in historiese korrektheid. Die 'digterlike vryheid' is ook 'n vryheid t.o.v. benoeming. Die digterlike skeppingsdaad is vrymagtig. Waar dit vir Erbeveld om 'n 'historiese register' gaan, kom dit vir Leipoldt neer op die eiesoortige 'register' van die literêre kunswerk, wat sy eie a-historiese werklikheid skep.

Summary

Names, naming and designation play an important part in in Henriette Grove's radio drama *Ontmoeting by Dwaaldrif*. The most basic function of this speech act is that of identification. The proper name has an identifying but not necessarily a descriptive function. The common noun, on the other hand, is not descriptive enough. Proper names are 'labels', although they can sometimes be applied descriptively. In this connection John Lyons' analysis of the concepts *reference* and *denotation* is discussed in detail.

Poetic designation entails finding a universal idea or 'oerband'. Erbeveld comes to Leipoldt the poet to ask him to 'name' his 'material' properly. As to precisely *how* this should be done, the two of them differ sharply. For the poet things can be called into being by being named. For Erbeveld it is a matter of great importance that the right appellative should be used in connection with himself. He furthermore prescribes the tragedy as the literary genre in which his history must be dealt with. He also does not want to allow any scope for the imagination of the poet: his rebellion must be named historically correct.

As a poet Leipoldt is, however, more interested in the 'essence' of things than in historical exactness. 'Poetic licence' also entails freedom in connection with naming. The creative act of the poet is sovereign. Erbeveld is concerned with the 'register' of history, whereas Leipoldt has in mind the 'register' of the literary art work, which creates its own a-historic reality.

1. Inleiding

Die doel van hierdie studie is om benoeming as taalhandeling na te gaan, soos dit in Henriette Grové se hoorspel *Ontmoeting by Dwaaldrif* (1980) neerslag

vind. Hierdie drama werp naamlik 'n interessante lig (a) op die aard en funksie van benoeming en naamgewing as taalhandeling en (b) die spesifiek literêre implikasies van hierdie taalhandeling.

Die slotsom waartoe daar in die debat in *Ontmoeting by Dwaaldrif* gekom word, is dat daar 'n radikale en onoorbrugbare verskil tussen die literêre (of fiktiewe) en die nié-literêre (of nié-fiktiewe) benoemingshandeling is. Hierop berus die konflik in hierdie drama.

Aangesien Lyons se bespreking van die aard van verwysing heelwat lig op die onderhawige probleem in die hoorspel wêrp, word dit eers betreklik breedvoerig behandel.

2. Teoretiese oriëntering: referensie, sin en denotasie

In deel 1 van sy werk *Semantics* (1977) hou John Lyons hom besig met die onderskeid tussen referensie, sin (sense) en denotasie. *Referensie*, verklaar hy, het te doen met die verhouding tussen 'n taaluiting en dit waarvoor daardie uiting staan wanneer dit by bepaalde geleenthede geuit word. Referensie is dus 'n 'utterance-dependent notion' (1977:176). In 'n taal soos Engels is dit verder nie algemeen toepasbaar op enkel woordvorme nie en op lekseme is dit nooit toepasbaar nie. Hierdeur word referensie terselfdertyd van denotasie onderskei. *Denotasie* het betrekking op die verhouding, nie tussen taaluiting en dit waarvoor hulle staan wanneer hulle by bepaalde geleenthede geuit word nie, maar die tussen lekseme en die hele klas individue (of entiteite) wat deur hierdie lekseme benoem word. Ons het dus te doen met referensie wanneer 'n taaluiting of -uiting ten doel het om ons iets mee te deel omtrent 'n sekere entiteit (of entiteite) of 'n groep (of groepe) entiteite.

Sommige refererende uitings refereer na individue, ander na klasse individue. Eersgenoemde groep noem Lyons enkelvoudige uitings en laasgenoemde algemene uitinge. Verder onderskei hy tussen refererende uitings wat na 'n spesifieke individu (entiteit) of klas individue (of entiteite) verwys, en dié wat nie na 'n spesifieke individu of klas verwys nie; hierdie uitinge noem hy dan onderskeidelik definitiewe en onbepaalde uitings. Wat algemene refererende uitings betref: soms verwys ons distributief na 'n klas individue ten einde 'n sekere eienskap aan elk van sy lede toe te skryf; soms doen ons dit kollektief ten einde 'n eienskap toe te skryf aan, of iets te stel omtrent, die klas as geheel.

Grammatikaal gesien, onderskei Lyons drie hoofsoorte enkelvoudige definitiewe refererende uitings in Engels: (a) definitiewe naamwoordfrases, (b) eiename en (c) persoonlike voornaamwoorde. Die *definitiewe naamwoordfrase* behels die identifikasie van 'n referent nie slegs deur dit te benoem nie, maar ook deur die hoorder of leser te voorsien van 'n beskrywing daarvan wat binne die konteks van die uiting voldoende gedetailleer is om dit van alle ander individue in die universum van die diskoers te onderskei.

'n Belangrike voorwaarde vir suksesvolle referensie is dat die spreker 'n verwysende uiting moet selekteer – gewoonlik 'n eienaam, 'n definitiewe naamwoordfrase of 'n voornaamwoord – wat die hoorder in staat sal stel om

die werklike referent vanuit die klas van potensiële referente uit te kies. As die uiting 'n definitiewe naamwoordfrase is wat as 'n definitiewe beskrywing optree, sal sy beskrywende inhoud minder of meer gedetailleerd wees, afhange van die omstandighede; en die aard van die beskrywing sal dikwels berus op die spreker se aanname dat die hoorder in besit is van heel spesifieke inligting omtrent die referent.

Lyons betoog voorts dat suksesvolle referensie nie afhanklik is van die waarheid van die beskrywing wat in die refererende uiting vervat is nie. Dit is selfs nie eens nodig dat die spreker moet glo dat die beskrywing van die referent waar is nie. Dit is byvoorbeeld moontlik dat hy op 'n ironiese wyse 'n beskrywing aanwend waarvan hy weet dat dit nie waar is nie, of uit diplomatieuse oorwegings 'n verkeerde beskrywing as korrek aanvaar omdat sy hoorder glo dat sodanige beskrywing waar is van die referent. Die basiese beginsel wat die gebruik van definitiewe beskrywings bepaal, is eerder dat die hoorder in staat moet wees om die referent te identifiseer op grond van die eienskappe wat (korrek al dan nie) in die beskrywing daaraan toegeskrywe word.

Dit is natuurlik inderdaad in gewone diskoers so dat die spreker gewoonlik veronderstel is om te glo in die bestaan van 'n referent wanneer hy 'n definitiewe beskrywing gebruik. Die moontlikheid bestaan egter altyd dat 'n spreker soms oor dinge kan praat waarvan hy nie seker is dat dit bestaan nie. Lyons konkludeer: 'The most that can be said perhaps is that the speaker, in using a singular definite referring expression commits himself, at least temporarily and provisionally, to the existence of a referent satisfying his description and invites the hearer to do the same' (1977:183).

In aansluiting by Quine behandel Lyons vervolgens die begrip *referensiële ondeursigtigheid*. 'n Sin soos die volgende: 'Mnr. Smith wil graag die dekaan spreek', kan op twee maniere geïnterpreteer word, afhange daarvan of 'die dekaan' referensieel of attributief verstaan moet word. Onder albei interpretasies is dit moontlik dat mnr. Smith weet, of nie weet nie, wie die dekaan is. Indien 'die dekaan' referensieel is, bevat dit die spreker se beskrywing en nie noodwendig mnr. Smith se beskrywing van die referent nie. Wanneer ons die stellings van ander rapporteer of hulle oortuigings of intensies beskrywe, gebruik ons nie noodwendig dieselfde refererende uitinge as wat hulle aangewend het of sou aangewend het nie.

Generiese proposisies, skryf Lyons verder, is nie alleen sonder grammatikale tydsaanduiding nie, maar ook inderdaad tydloos: 'Leeus is gevaarlike diere'. Generiese proposisies is ook aspekloos. Daar is dus 'n duidelike verskil tussen algemene referensie en generiese referensie.

Lyons gaan vervolgens dieper in op die onderskeid tussen *sin* en *referensie*. Hy wys daarop dat Frege aan die hand van die sin 'Die oggendster is die aandster' reeds aangetoon het dat twee uitinge ('die oggendster', 'die aandster') dieselfde referensie kan hê en tog in sin kan verskil. Die probleem met Frege se voorbeeld is egter dat die uitinge 'oggendster' en 'aandster' baie naby aan eiename staan en die bewering dat hulle sin het dus aanvegbaar is; dit word naamlik taamlik algemeen aanvaar dat eiename nie sin het nie. Twee uitinge wat albei aangewend kan word om bv. na Napoleon te verwys, is 'n

beter illustrasie van die feit dat uitinge in sin kan verskil en tog dieselfde referensie kan hê. Sinonieme het dieselfde sin, nie dieselfde referensie nie.

Onder die analise en beskrywing van die *sin* van 'n woord verstaan Lyons sy analise in terme van die betekenisverhoudinge wat dit met ander woorde tot stand bring. So is daar byvoorbeeld 'n bepaalde betekenisverhouding tussen die woord *oujongkêrel* en die woord *getroud*: as iemand 'n oujongkêrel is, is hy nie getroud nie. Hiermee hang die verskynsel van pragmatiese implikasie saam. Pragmatiese waarheid is egter nie noodwendig onveranderlik of duidelik afgebaken nie. Dit is moontlik dat verskillende sprekers gedeeltelik verskillende oortuiging omtrent die sin en paslikheid van woorde mag hê, sodat die stel implikasies wat een spreker uit 'n gegewe uiting mag aflei in 'n mindere of meerdere mate mag verskil van die stel implikasies wat 'n ander spreker daaruit sal aflei. Oor die algemeen sal daar egter 'n groot mate van oorvleueling tussen die twee stelle wees.

Lyons definieer *sin* dus in terme van die verhouding tussen die woorde of uitinge van 'n bepaalde taal, onafhanklik van die verhouding, indien enige, tussen daardie woorde of uitinge en hulle referente of denotate. Sowel enkelwoorde (lekseme) as uitinge het sin (en denotasie), terwyl slegs uitinge (en dan ook alleen 'n subkategorie daarvan) referensie het.

Onder die *denotasie* van 'n lekseem verstaan Lyons die verhouding tussen daardie lekseem en persone, plekke, eienskappe, prosesse en aktiwiteite ekstern tot die taalsisteem. Die klas objekte, eienskappe ensovoorts waarop die uiting korrek toegepas kan word, is die *denotatum*. Bv.: die denotatum van *koei* is 'n bepaalde klas diere, en die individuele diere is die denotata daarvan.

Terwyl referensie 'n uiting-gebonde relasie is en nie op lekseme as sodanig van toepassing is nie, maar slegs op uitinge in konteks, is denotasie (soos sin) 'n verhouding wat in die eerste plek op lekseme betrekking het en los staan van bepaalde gebruiksgevalle. In Engels (soos in Afrikaans) word 'n soortnaam soos *cow* byvoorbeeld nie as sodanig as 'n refererende uitdrukking gebruik nie; en dit geld vir die meeste ander lekseme in die woordeskat van hierdie tale. Sowel referensie as denotasie berus egter op die 'aksioma van eksistensie': enigiets wat deur 'n lekseem gedenoteer is, moet bestaan, net soos wat ook al na verwys word, moet bestaan.

Vervolgens onderskei Lyons tussen *denotasie* en *sin*. Indien ons van die standpunt uitgaan dat denotasie logies en psigologies basies is (sodat dit bv. so is dat ons weet dat 'koei' en 'dier' op 'n bepaalde wyse aan mekaar verwant is op grond van ons voorafkennis dat die denotatum van 'koei' ingesluit is in die denotatum van 'dier'), moet ons nog die vraag beantwoord hoe dit moontlik is dat ons die sin van woorde soos *eenhoring* (wat geen denotasie het nie) kan ken. Die feit dat 'n sin soos 'Daar is nie so 'n dier soos 'n eenhoring nie' 'n volkome normale en verstaanbare sin is, terwyl 'Daar is nie so 'n boek soos 'n eenhoring nie' semanties eienaardig is, berus daarop dat daar 'n soort betekenisverwantskap tussen 'eenhoring' en 'dier' (soos tussen 'koei' en 'dier') bestaan, terwyl dit nie tussen 'eenhoring' en 'boek' bestaan nie. Taalgebruikers is bewus van hierdie betekenisverhoudinge.

Wanneer ons 'n eienskap aan 'n individu (of groep individue) toeskryf,

doen ons dit in die eenvoudigste gevalle deur die individu (of groep) te predikeer met 'n lekseem of uiting wat die bepaalde eienskap denoteer: 'Die man wat daar is, is 'n *skelm*'. *Eiename*, wanneer hulle as refererende uitinge aangewend word, identifiseer egter nie hul referente deur hulle in terme van een of ander relevante eienskap of eienskappe wat deur die naam gedenoteer word, te beskrywe nie, maar deur die unieke en arbitrêre assosiasie wat tussen 'n naam en sy draer bestaan, te benut. Persoonlike en aanwysende *voornaamwoorde* word, soos *eiename*, ook as refererende uitinge gebruik; hulle verskil egter van *eiename* (en van uitinge soos 'die môrester' en baie titels) daarin dat hulle referensie meer klaarblyklik uiting – afhanklik is.

Vervolgens staan Lyons stil by *benoemings* as taalhandeling. Name, as deel van ons alledaagse taalgedrag, het twee karakteristieke funksies: referensieel en vokatief: Onder die vokatiwe funksie van name word verstaan dat hulle gebruik word om die aandag van die persoon wat geroep of ontbied word, te trek. Dit is natuurlik moontlik om ook die soortnaam vokatief aan te wend, bv. die gebruik van *kind* in 'Kom hier, kind!' Hierdie gebruik lê baie naby aan die gebruik van die eienaam of titel. Oor die algemeen gesproke, konstitueer titels 'n klas uitinge wat aan die een kant in die rigting van definitiewe beskrywings neig en aan die ander kant weer in die rigting van *eiename*.

Wat die gebruik van name in appellatiewe uitinge betref, voer Lyons die term *nominasie* in vir dié gevalle waarin 'n spreker 'n naam aan 'n persoon toeken. Die spreker nomineer dan daardie persoon. Onder didaktiese nominasie verstaan hy verder om iemand, formeel of informeel, te leer dat 'n bepaalde naam op grond van 'n reeds bestaande konvensie met 'n bepaalde persoon, voorwerp of plek geassosieer word: 'Dit is Jan'. Performatiewe nominasie illustreer Lyons aan die hand van een van Austin se oorspronklike illustrasies van sy konsep performatiewe uitinge: 'I name this ship the Queen Elizabeth'. Elke soort performatiewe nominasie word regeer deur sekere passendheidsvoorwaardes: 'n mens kan nie willekeurig die rol van naam-gewer vervul nie.

Een van die mees gedebatteerde vraagstukke in die taalfilosofie is of name sin het. Lyons onderskryf die standpunt dat name wel referensie kan hê, maar nie sin nie, en dat hulle predikatief nie bloot as name gebruik kan word nie. Dit is egter wel so dat name in 'n bepaalde kultuur of samelewing min of meer definitiewe assosiasies kan verkry, sodat gesê kan word die naam simboliseer byvoorbeeld welsprekendheid of argitektoniese skoonheid. Hierdie feit dien ook as verklaring vir die gemak waarmee *eiename* met verloop van tyd gewone soortname kan word.

Wanneer die draer van die naam 'n histories, polities of kultureel belangrike plek of persoon is, kan dit gebeur dat die konnotasies van die naam van hierdie plek of persoon relatief konstant is vir lede van 'n besondere taalgemeenskap wat tot dieselfde kultuur behoort (vgl. 'Cicero', 'Judas', 'Napoleon', 'Mekka', ens.). En indien hulle gevra sou word wat hulle betreffende die draer van die naam weet of glo, sou hulle 'n stel identifiserende beskrywings kon verskaf. Hierdie identifiserende beskrywings, of 'n bepaalde disjunksie daarvan, voorsien name van 'n soort deskriptiewe stut, sodat die

betrokke name (hoewel hulle nie sin het nie) logies geskakel word met eienskappe van die objekte waarna hulle refereer.

Selfs wanneer name nie uit 'n min of meer vasgestelde lys persoonlike name geneem word nie, maar uit die gewone woordeskat van die taal gehaal word en dan toegeken word op grond van die betekenis van die betrokke uiting kan ons nog nie sê dat sulke name sin het nie. Lyons noem dit die etimologiese betekenis van die naam en brei hierdie term uit om sowel die sinchronies gemotiveerde as diachronies ontdekbare interpretasie van name in te sluit. Dit is egter baie dikwels so dat die simboliese betekenis van sowel name as ander woorde bepaal word deur konvensies eie aan 'n bepaalde kultuur.

Aan die einde van sy betoog gee Lyons toe dat dit nie maklik is om 'n stellige antwoord te gee op die vraag of name betekenis het of nie. Van sommige name kan 'n mens redelikerwyse sê dat hulle 'n simboliese, etimologiese of vertaalbetekenis (Jakobus: James) het. Maar hulle het nie sin (een of ander unieke en spesiale soort betekenis wat hulle as 'n klas van soortname onderskei) nie.

Die eienskappe en funksies van referensie en denotasie wat deur Lyons e.a. aangetoon is, staan feitlik uitsluitlik in verband met die aanwending van hierdie behandeling in wat ons met 'n term van Barbara Herrnstein Smith (1978) 'natuurlike diskoers' kan noem. Smith onderskei naamlik basies tussen twee vorme van diskoers, t.w. 'natural' en 'fictive' (of 'mimetic') diskoers. 'n Gedig, skryf sy, is nie 'n 'natuurlike uiting' in die sin van 'n histories-unieke verbale handeling of gebeurtenis nie; 'indeed a poem is not an event at all, and cannot be said ever to have "occurred" in the usual sense' (24). Die literêre teks is as taalhandeling mimeties omdat die linguïstiese strukture waaruit dit bestaan deur sowel die sender (skrywer) as die ontvanger (leser) beskou word as dat dit nie werklik die verbale handeling is waarop dit lyk nie, maar slegs hierdie handeling *voorstel*. 'What the poet composes as a text is not a verbal act but rather a linguistic structure that becomes, through being read or recited, the *representation* of a verbal act' (31).

Hoewel die literêre teks dus 'n fiktiewe uiting sonder 'n spesifieke historiese konteks is, verklaar Smith verder, is dit kenmerkend van die literêre teks dat dit sy eie konteks skep, 'or, more accurately, (invites) and (enables) the reader to create a plausible context for it' (33).

Hierdie onderskeid geld myns insiens nie slegs van die literêre teks as maktrotaalhandeling nie, maar ook van die mikrotaalhandeling waaruit dit opgebou is. Dus ook van die benoemingshandeling: die benoemingshandeling in die literêre teks is 'n fiktiewe of mimetiese handeling sonder spesifieke benoemingshandeling in die literêre teks is 'n fiktiewe of mimetiese handeling sonder spesifieke historiese konteks en wat daarop ingestel is om die leser daartoe te bring om 'n geloofwaardige konteks daarvoor te 'skep' tydens sy rekonstruksie van dit wat die teks kommunikeer. Dit is die kern van Leipoldt se standpunt in *Ontmoeting by Dwaaldrif* – 'n standpunt wat Erbeveld verseg om te aanvaar.

3. *Ontmoeting by Dwaaldrif*

Name, naamgewing en benoeming speel 'n belangrike rol in *Ontmoeting by*

Dwaaldrif. Reeds uit die titel van die drama blyk iets hiervan. In *Erbeveld* se eerste spreekbeurt gebruik hy Leipoldt se naam as identifisiemiddel (9). *Daarmee* het ons terselfdertyd 'n voorbeeld van die mees basiese funksie van naamgewing en benoeming as taalhandeling, t.w. die voorsiening van 'n identifiserende etiket.

Dadelik blyk egter dat hierdie vorm van benoeming nie noodwendig genoegsaam is nie. Daarom is *Erbeveld* genoodsaak om te vra: 'U is die digter?' Dat selfs só 'n benoeming, wat op 'n bepaalde aktiwiteit of vermoë van die benoemde berus, ook nie voldoende hoef te wees nie en sy beperkinge het, blyk wanneer Leipoldt daarop wys dat hy 'eintlik medikus van beroep' is.

Die eienaam 'Leipoldt' is identifiserend, maar nie deskriptief nie; dit het ook geen sin nie. Die soortnaam 'digter' is slegs relatief deskriptief. Binne die konteks van die drama (en ook binne die konteks van die Afrikaanse literêre wêreld) is die kombinasie 'Leipoldt plus digter' egter identifiserend genoeg vir sowel *Erbeveld* as vir die ingeligte leser/luisteraar.

'Dwaaldrif' is 'n eienaam, 'n 'etiket-naam' soos 'Leipoldt'. Maar dit is terselfdertyd ook 'n deskriptiewe naam en dui op 'n bepaalde eienskap van dit wat dit benoem: dit vorm deel van 'n ruimte vol 'verdwaalpaaië' (11). Leipoldt snap dan ook onmiddellik die deskriptiewe implikasies van hierdie beskrywende naam: 'Dan's ons vas vir die nag, want geen siel gaan hier verbykom ná sonder nie' (11). Die naam *Dwaaldrif* speel dus 'n belangrike rol by die daarstelling van 'n literêre konteks soos Barbara Smith dit beskryf.

Die naam van Leipoldt se 'Kwelgeeste' (wat *Erbeveld* op p. 11 noem), nl. Teuns Tormyn, Gert Swanepoel en Grysbreg van Noot dien eweneens as hake waaraan beskrywings gehang (kan) word: Teuns Tormyn is 'die geweldenaar van die Moormansgat'; Gert Swanepoel 'het ook gehang vir moord; en Van Noot 'het vier mense sonder genade gevonniss tot die galg (12). Die naam Moormansgat (wat met dié van Teuns Tormyn in verband gebring word) is weer so 'n deskriptiewe eienaam soos *Dwaaldrif*. *Dwaaldrif* en Moormansgat is eiename wat terselfdertyd 'n relatief eksplisiete beskrywende funksie vervul. Vir die *digter* is naamgewing egter iets meer as 'n blote identifiserende verwysingsmiddel waarvoor spreker en hoorder 'n identifiserende beskrywing sou kon substitueer. Naamgewing het vir hom 'n nog dieper dimensie. Daarom verklaar hy: sonder die regte woorde bly die Goeverneur en sy veroordeeldes 'net name. Ek moet bloed bybring'. Bloed is die 'oerband' (13). Digterlike benoeming behels die vind van 'n oerband wat mense aan mekaar bind.

Die volgende eienaam waarop gefokus word, is *Erbeveld* s'n. Wanneer *Erbeveld* dit 'Erbeveld' uitspreek, korrigeer Leipoldt hom en voeg 'n historiese juiste identifiserende beskrywing by: 'Die man wat die mislukte same-swering teen die Hollandse regering in Java op tou gesit het' (14). *Erbeveld* beklemtoon egter dat 'Erbeveld' korrek is, want dit was die amptelike naam. Hierop verklaar Leipoldt dat die korrektheid van die naam ná 200 jaar in elk geval nie meer soveel saak maak nie, aangesien die persoon na wie dit refereer nou slegs 'stof' is, m.a.w. dié naam het sy refererende funksie verloor, of refereer in elk geval nie meer na 'n lewende persoon nie, maar slegs na 'stof'. Hierop antwoord *Erbeveld*: 'Dan moet sy stof behoorlik

benoem word' (14). Op die oppervlakte beteken dit dus dat die regte naam vir sy 'stof' gebruik moet word. Maar omdat Erbeveld hier met 'n digter praat, dui die terme 'stof' en 'benoem' op iets meer. 'Stof' herinner dié luisteraar wat iets van die literatuurteorie weet, aan die literatuurwetenskaplike gebruik van hierdie term, soos, om maar een naam te noem, deur Wolfgang Kayser (Kayser, 1948:55-59). 'Benoen' dui op iets meer as blote naamgewing met die oog op referensie. Dit gaan om *digterlike* benoeming. Hier het ons terselfdertyd by die kern van die dramatiese situasie in *Ontmoeting by Dwaaldrif* aangeland: Erbeveld kom na Leipoldt (die digter) omdat hy wil hê sy 'stof' moet behoorlik 'benoen' word. Oor presies *hoe* dit moet gebeur, gaan hy en die digter egter sterk verskil. H.J. Schutte vestig die aandag op die dubbele betekenis wat *stof* in die drama het: 'Uit die "stof" word die kunswerk gevorm, "met beloftes van ewige lewe" (34) daaraan verbonde. Hierteenoor is daar die "tyd" wat alles mettertyd tot "stof" maak.' Hy kom tot die slotsom: 'Dwarsdeur die drama probeer Leipoldt as kunstenaar die "stof" vorm, waarin hy aan die einde slaag. En omdat die stof/modderklei voortspruit uit die handelingsituasie self (9-14), kan met reg gesê word dat "stof" simboliese waarde aanneem in *Ontmoeting by Dwaaldrif* (1982:40, 41) (18).

Wanneer Leipoldt opmerk: 'Die drif het skynbaar die regte naam. Ek sou op die een of ander tyd 'n verskyning móés teëkom. Dit kom van my spookstories skryf' (14), ken hy (weer as digter) 'n soort magiese krag aan die woord (in die vorm van 'n naam) toe. Die eienaam se oorspronklike leksikale betekenis kan dikwels irrelevant raak en selfs mettertyd verdwyn (al is so 'n naam oorspronklik op grond van die een of ander motief of assosiasie toegeken), sodat die verwysingsfunksie primêr word, naamlik om die entiteit te individualiseer en te identifiseer (vgl. Raper, 1983). Die digter maak daardie leksikale betekenis in die drama weer relevant. (Dink bv. ook aan Etienne Leroux se hantering van die eienaam – Malan (1982) toon hoe betekenis op verskeie vlakke geaktiveer word). Maar nog meer: *Omdat* die drif Dwaaldrif heet, sou die digter daar 'een of ander tyd 'n verskyning móés teëkom'. Vir die digter het die benoemingshandeling dus as't ware die vermoë om dinge te voorskyn te roep. Ook dáárom lees Leipoldt veel meer in Erbeveld se aandrag dat sy 'stof' reg 'benoen' moet word as wat Erbeveld daarmee bedoel.

Erbeveld deel Leipoldt mee dat sy hart 'wyd oop (was) vir almal wat in die nood was, sodat hulle my "vader" genoem het' (15). Hiermee word 'n verdere benoemingshandeling aangedui, nl. die toekenning van 'n 'erenaam' of 'eretitel' as uitdrukking van eerbied of as vorm van verering. Reeds tydens sy lewe het Erbeveld dus nie net 'n eienaam gehad waarmee mense bloot identifiserend na hom kon verwys nie. Dit was m.a.w. tóé reeds 'n eerste stap in die rigting van 'n behoorlike benoeming van sy 'stof'.

Gedurende die terugflits wat hierná volg (16), verwys die Stem na die 'verfoeilike landsverraaier, Pieter Erbeveld'. Hier het ons 'n samevoeging van 'n soortnaam (landsverraaier) met 'n eienaam (Pieter Erbeveld). 'n Soortnaam kan beskryf, of herken, of gedefinieer word in terme van eienskappe van die referent . . . 'n Eienaam kan wel soms in terme van eienskappe

van sy referent herken word, maar dit is nie 'n essensiële deel van sy betekenis nie' (Raper, 1983: 445). Deur die soortnaam 'landsverraaier' aan die eienaam Pieter Erbeveld te koppel, word die 'leksikaal leë' eienaam met 'n bepaalde betekenis gevul, kry ons dus 'n 'beskrywende benoeming'.

Dit is nie alleen teen die foutiewe gebruik van sy eienaam dat Erbeveld in verset kom nie. Ook die soortname wat met hom in verband gebring word, steek hom dwars in die krop. So verafsku hy bv. die verskillende benaminge vir sy dood: skanddood, verraaiersdood en moordenaarsdood (18). Leipoldt moet nie alleen sy *lewe* nie, maar ook sy *dood* anders benoem (beskrywe, uitbeeld). Hy kla: 'Ek het geen graf of grond nie, en my naam is ook vergete'. Dit is duidelik dat Erbeveld hier met 'naam' iets meer bedoel as 'n blote arbitrêre middel tot identifiserende verwysing. Die naam verteenwoordig hier die 'gedagtenis aan die gestorwenes', in 'n sekere sin die persoon self. Maar slegs die digter, glo hy, kan iemand se naam 'verewig', sy geskiedenis losmaak uit sy historiese konteks.

Erbeveld beskrywe hierdie digterlike benoemingshandeling soos volg: 'Vergader my bene en laat my stof weer praat. Jy is 'n digter' (19). Ons het hier 'n toespeling op die lewewekkende mag van Esegïel se profetiese woord in Esegïel 37. Terselfdertyd kom 'n intertekstuele verhouding met Opperman se 'Gebed om die gebeente' tot stand.

Vervolgens deel Leipoldt Erbeveld mee dat hy reeds 'n gedig oor hom 'gemaak' het (19). Hy het hom dus reeds op hierdie wyse literêr 'benoem'. Hy haal dan ook terstond die gedig aan, waarin hy Erbeveld 'eervol man' 'fortuin se gunsteling' en ' 'n milde patriot' noem (20). Verder deel hy Erbeveld mee dat dié gedig ook nog bedoel is om op 'n persoonlike aanroeping te eindig (21). Erbeveld verkies egter 'n treurspel, want miskien is *dit* sy 'naam waardig'. Die literêre genres word dus gesien as verskillende soorte benoemingshandeling, wat nie net in aard nie, maar ook in kwaliteit verskil. Vir Erbeveld is die gedig as literêre taalhandeling nie 'waardig' genoeg nie. 'n Mens dink onwillekeurig aan die woorde van Ovidius wat Vondel met soveel instemming aangehaal het:

hoe hoogh men drave in stijl en toon,
het treurspel spant alleen de kroon.

In die dramatiese fragment wat Leipoldt hierop laat hoor, waarsku Van Hassel vir Erbeveld: 'Die hele wêreld sal jou uitvloek as 'n skurk' (22). So akkumuleer die deskriptiewe benaminge vir Erbeveld in die loop van die drama en raak dit 'n al groter probleem: Kan Erbeveld se 'stof' ooit reg 'benoem' word?

Dit gaan terselfdertyd ook om die korrekte benoeming van Erbeveld se opstand. Van Hassel vra bv.: 'Noem jy dit reg om moord te stig en brand, om onderdaan teen koning op te maak? (23). In sy strewe om die opstand korrek te benoem, wil Leipoldt dit as 'n stryd om vryheid uitbeeld. So 'n siening sou vir Erbeveld egter neerkom op 'negentiende-eeuse romantiese gesanik'. Hy wys daarop dat Leipoldt *self* nie eers vry is nie en voeg by: 'Ek noem nie eers jou voorgeslagte wat jou heen en weer hiet en gebied nie' (24). Op ironiese wyse 'noem' (benoem) Erbeveld dus delf Leipoldt se onvryheid. Noem of

benoem het dus in *Ontmoeting by Dwaaldrif* ook die betekenis van beskrywe, of om 'n beeld te gee van iets.

In die volgende dramatiese fragment blyk dat 'n naam ook die gesag waarmee 'n bepaalde taalhandeling ('n bevel en 'n performatief) verrig word, kan verteenwoordig (26): 'In die naam van Sy Edele Goewerneur Hendrik Zwaardcroon, verteenwoordiger van die Oos-Indiese Kompanie in Java. Maak oop!' En 'n entjie verder. 'Ons arresteer jou in die naam van . . .'. Let op hoe die opeenstapeling van titels, eiename en ampsname moet dien as demonstrasie van die onteenseglike gesag van die Goewerneur.

Waar handeling (verbaal en nie-verbaal) 'n sentrale gewese in die drama is, is dit byna vanselfsprekend dat 'n mens dikwels ook woorde sal aantref wat moet dien as beskrywende benaminge vir gebeure, handeling en optredes. Erbeveld se opstand word dan ook hier verder benoem: Dit was 'n sameswering (25) en 'n 'midsdryf' (26). Erbeveld self verkies egter die woord 'onreg' (eerder as 'vryheid') om sy strewte te benoem. Weer eens verwys die Stem egter daarna as ' 'n vuige sameswering'. Só word die konflik in *Ontmoeting by Dwaaldrif* in en deur benoeming as verbale handeling uitgespeel. Terwyl die Stem Erbeveld ook nog 'n 'malkontent en 'n ontevredene' asook 'n 'halfnaat' noem (26, 28), tree Leipoldt weer 'digterlik' op deur die *mens* in die algemeen te benoem en sodoende die handeling te universaliseer: 'Die mens is vir sy medemens 'n wolf' (18).

Na aanleiding van sy foltering merk Erbeveld teenoor Leipoldt op: 'Jy is 'n genesheer en jy ken die name van die spiere'. Hiermee sinspeel Erbeveld op benoeming as middel tot identifiserende verwysing in die wetenskap. Wanneer erbeveld egter daartoe oorgaan om die name van die spiere te noem, roep Leipoldt uit: 'Jy martel my'. Vir die digter Leipoldt is hierdie name meer as mediese terme: omdat hulle met 'n bepaalde gebeurde in verband gebring word, raak hulle emosioneel gelaai.

Van die naam Alida merk hy weer op: 'Die skone mooi naam' (30). Vir die digter is name dus ook uitinge wat bv. kan martel of bekoor, d.w.s. ekstreme perlokusionêre effekte kan hê. Daarom kan dit ook as kreatiewe prikkel dien: die 'mooi naam' Alida laat hom oorweeg om sy drama om die liefdesverhouding tussen Alida en Adriaan te laat draai, d.w.s. Erbeveld se 'stof' in die vorm van 'n liefdesdrama te benoem. Hierop reageer Erbeveld woedend: 'Dis ellendig genoeg dat sy naam gelykgestel is met verraad . . .'. Maar ook hierdie wyse van benoeming van sy 'stof' (waarin Adriaan Erbeveld eweneens 'n 'skurk' noem en as gevolg waarvan Erbeveld hóm weer 'n 'aartsverraaier' noem), is vir Erbeveld onaanvaarbaar: 'Zwaardcroon moes jôu en jou medepoëte aan die bank laat skroef het vir bedrog en naamvervalsing . . . ek verdomp dit om so oorgewerk te word' (35). Hy herhaal daarom sy 'regte' naam: 'Pieter Erbeveld, 'n mens van vlees en bloed.' Hy wil dus niks te doen hê met die digterlike benoemingshandeling nie; vir hom is dit 'naamvervalsing': Vir die kreatiewe verbeelding van die digter wil hy geen ruimte laat nie; hy dring aan op historiese juistheid.

Oplaas bied Leipoldt aan om die Erbeveld-geskiedenis d.m.v. 'n Griekse treuspeel te benoem 'tot by die besef: so is die mens en so is sy lot' (36). Erbeveld self word dan tot tragiese held benoem. Hierteen is Erbeveld se

beswaar egter dat hy nie aan een woord vasgebind wil word nie. Hy wil 'uitbeweeg, van wyer betekenis word en dieper sin' (37). Wat hy egter klaarblyklik nie begryp nie, is dat benoeming juis basies die vasbind aan 'een woord' ('n 'naam') behels. Ook die literêre benoeming: Daarom soek Leipoldt na 'een woord', d.w.s. 'n sentrale gedagte, 'n idee of kern waarmee hy Erbeveld en sy geskiedenis kan benoem.

Die naam Erbeveld word as gevolg van die probleem rondom die 'erfregkwessie' (37) verletterlik. Dit gaan letterlik om die 'veld' of stuk grond wat Erbeveld beweer hy van sy vader geërf het. Die leksikale betekenis van dié eienaam word sodoende weer relevant gemaak. Trouens, ook met die eienaam Zwaardcroon gebeur iets soortgelyks: Dit word veelseggend binne die konteks van die Erbeveld-geskiedenis en van die drama: as goewerneur dra Zwaardcroon die kroon *en* die swaard (vgl. 41: 'Waar is my swaard?').

Ook Zwaardcroon en Erbeveld argumenteer oor wat die juiste benaming vir laasgenoemde sou wees. Terwyl Erbeveld vir Zwaardcroon 'n 'lae samesweerder' is (37), wat uit grootheidswaan die titel Tuan Gesti aangeneem het, beweer Erbeveld weer dat hierdie eretitel deur die Padjî aan hom geskenk is toe Erbeveld sy lewe gered het.

Dit alles lei daartoe dat Leipoldt desperaat vra: 'Wat was jy werklik, Elberfeld? Sameswaarder, opstoker, moordenaar? . . . Of die edel patriot wat die heil van sy mense soek?' (39). Wat sou die regte benaming vir Erbeveld wees? Dit is nie net 'n probleem vir die geskiedskrywer nie, maar ook vir die digter. Albei worstel met die problematiese aard van die 'waarheid', 'n begrip wat vir die digter dáárdeur gekompliseer word dat sý 'waarheid' uiteraard ook weer verskil van dié van die 'geskiedenis'.

Die onkenbaarheid van die 'waarheid', die subjektiwiteit daarvan, maak benoeming in die vorm van 'n 'definite description' enorm ingewikkeld. Selfs nie eens 'n 'objektiewe' gegewe soos 'n land kan op dié wyse objektief en finaal benoem word nie. Insuline is vir Zwaardcroon 'n 'tropiese agterveld', 'n 'addernes' en 'n 'verraderlike land', terwyl dit vir Leipoldt (en klaarblyklik ook vir Erbeveld) 'n 'mirakelland' is, 'n 'snoer van eilande, so groen en goud' (40).

Die verbale konflik tussen Zwaardcroon en Erbeveld bring Leipoldt daartoe om hulle 'waarheid' as 'haat' te benoem. Wanneer Erbeveld hierop uitroep: 'Eers die vryheid en die verraad, en nou die haat!', vat hy terselfdertyd Leipoldt se soektog na die 'kern' van die Erbeveld-geskiedenis saam. *Ontmoeting by Dwaaldrif* is o.a. 'n demonstrasie van die haglikheid van die digter se soektog na die kern van dinge ten einde sy benoemingstaak te verrig.

Maar dan: Leipoldt is digter van die liefde – daarom wil hy nie 'n drama oor die haat skryf nie, maar eerder een oor die liefde: 'liefde, wat onsterflik voorrang eis oor haat en nyd en wrok van jarelang (41).

En dit bring hom tot die besluit om eerder oor 'Van Noot se storie' te skryf (42). Maar ook hierdie aandrift begin by 'n naam, die naam 'Martha', 'n vrou wat 'net maar 'n skeldnaam, byna nie meer mens' geword het – iets soortgelyks dus aan wat met Erbeveld gebeur het. Ook Martha se geskiedenis is potensieel dramaties – dit blyk al klaar uit die konflikterende benaminge wat vir haar gegee is: aan die een kant 'die ontongmeid van die Kaap'; aan die

ander, 'Kami . . . 'n mooi naam, Kami, 'n Oosterse prinses' (42). En die 'mooi naam' gryp terug na die liefdesdrama, dit wat Leipoldt vroeër om die 'mooi naam' Alida wou weef. As teken van hulle liefde laat Leipoldt Martha en Van Noot hulle name op 'n boomstam uitkerf.

Erbeveld is woedend en kla by Zwaardcroon oor die wyse waarop Leipoldt hom 'berooft' deur sommer die verse wat hy vir sy drama gemaak het vir die Van Noot-verhaal te gebruik. Zwaardcroon wys hom egter daarop: 'Hulle noem dit digterlike vryheid'. Vir dit wat Leipoldt doen, bestaan daar dus reeds 'n algemeen bekende (en aanvaarde) 'naam'.

Die 'digterlike vryheid' is ook 'n vryheid t.o.v. benoeming: So word 'drosers', 'lieplappers' en 'weglopers' *rebellie*: 'Hy noem hulle rebelle, en die digter het altyd die laaste woord' (44). Die digterlike 'benoemingsdaad' hoef hom nie altyd te steur aan dit wat konvensioneel of histories as 'die waarheid' geld nie. Die digterlike skeppingsdaad is vrymagtig: 'Maar wat jy nie weet nie, Goewerneurtjie,' roep Erbeveld uit, 'is dat daardie weglêkind leier word van die rebellie.' Erbeveld bly egter halsstarrig vashou aan die historiese 'waarheid': 'Mooi woorde, maar hulle plaas nog nie háár naam op enige register nie (45). Waar dit vir Erbeveld om 'n historiese register gaan, kom dit vir Leipoldt neer op die eiesoortige 'register' van die literêre kunswerk, wat sy eie a-historiese werklikheid skeep. 'The context of a fictive utterance, however, is understood to be *historically indeterminate*' (Smith, 1978:33). Hierteenoor bly ook Zwaardcroon gebonde aan die historiese 'register': 'Maar wat dan van die rebelleleier? Sy naam is tog opgeteken'. Dit, voel hy, is immers 'n historiese gegewe.

Vir die historikus beteken 'n opgetekende naam 'n verwysing na 'n persoon wat in die historiese universum bestaan of bestaan het. Erbeveld se waarheid is dié van die geskiedenisboek; daarom is dit vir hom 'n geldige beswaar betreffende Martha 'dat geen geskiedenisboek haar noem nie' (46). Die digter, egter, bring dinge tot stand deur hulle te noem, soos die mes wat Leipoldt beskrywe om dan met stelligheid te verklaar: 'Nee, 'n mes wás daar.'

En per slot van rekening is dit nie die digter nie, maar sy skeppinge wat 'praat'. Daarom sal dit uiteindelik nie Leipoldt nie, maar Martha wees wat 'die haat (sal) noem en die nyd en wrok, maar uiteindelik uitkom by die liefde' (48). Erbeveld roep dus tevergeefs die name van al sy 'geeste' uit: deur die noem van historiese name kan die historiese 'werklikheid' nie uit die dood teruggeroep word nie.

Daarom versoek Erbeveld Leipoldt ten slotte desperaat om sy lot 'op te som, al is dit in 'n paar woorde.' Hy besef nou dat die digterlike benoemingshandeling die enigste moontlikheid vir hom inhou. Maar omdat hy tot die bitter einde aan die 'waarheid' probeer vashou, bly die woorde (die benaminge) wat hy vir sy 'lot' wil laat gebruik, te 'yl' (49).

In die slotreëls van die drama staan Leipoldt finaal stil by die naam Elberfeld/Erbeveld. Sy uitspraak van die naam Elberfeld word gevolg deur 'n 'eggospel', waardeur die belangrikheid van benoeming in hierdie drama finaal gesinjaleer word, en by implikasie die spot gedryf word met Erbeveld se behepthed met 'historiese juistheid'. Die eggospel met die (volgens hom) onjuiste naam kommunikeer ook iets van die onbelangrikheid van die eie-

naam (as middel tot bloot identifiserende verwysing) vir die digter. Leipoldt verklaar ten slotte: 'Ek sou in elk geval moeilik 'n rymwoord vir sy naam kon kry (49). Hiermee gee hy finaal te kenne dat hy benoeming as taalhandeling suiwer vanuit 'n digterlike standpunt wil benader.

4. Slotsom

Uit bostaande ontleding blyk hopelik duidelik wat die verskil tussen die nie-literêre en die literêre benoemingshandeling is en dat die abstrakte outeur in *Ontmoeting by Dwaaldrif* 'n 'literêre benoemingsteorie' ontwerp. Vir die digter het naamgewing 'n veel dieper dimensie as vir die 'gewone taalgewerker'. Dit behels die vind van 'n 'oerband'. Deur benoeming moet die stof van die werklikheid simboliese waarde aanneem (vgl. die aanhaling uit Schutte hierbo). Verder het die literêre benoemingshandeling die vermoë om dinge te voorskyn te roep en so sy eie a-historiese konteks te skep. Terselfdertyd word die 'stof' van die (historiese) werklikheid daardeur 'verewig'.

Die slotsom waartoe gekom is, is waarskynlik nie byster nuut nie. Die 'ou wyn' van *Ontmoeting by Dwaaldrif* smaak egter in die 'nuwe' leersak van die taalhandelingsteorie opwindend anders.

Verwysings

- Conradie, P.J. 1982. Die mag en onmag van die woord in die dramas van Henriette Grové. *Tydskrif vir Letterkunde* 20(4):44-52.
- De Klerk, W.J. 1978. *Inleiding tot die semantiek*. Durban: Butterworth.
- Grové, Henriette. 1980. *Ontmoeting by Dwaaldrif*. Johannesburg: Perskor.
- Kayser, Wolfgang. 1948. *Das sprachliche Kunstwerk*. Bern: Francke.
- Lyons, John. 1977. *Semantics I*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Malan, Charles. 1982. Wankelende walkures en flankerende fiskale: die kreatiewe gebruik van eiename deur Etienne Leroux. *Tydskrif vir Letterkunde* 20(4):6-14.
- Meyer, J. 1984. Dwaaldrif: Ontmoeting met drama in *Ontmoeting by Dwaaldrif*. *Klasgids* 19(1):29-36.
- Pratt, Mary Louise. 1977. *Toward a speech act theory of literary discourse*. Bloomington: Indiana University Press.
- Pretorius, Réna. 1982. *Ontmoeting by Dwaaldrif*: gedramatiseerde ontmoeting van literatuurteorieë. *Tydskrif vir Letterkunde* 20(4):53-66.
- Raper, P.E. 1983. Oor die betekenis van die eienaam. In: Sinclair, A.J.L. (red.). *G.S. Nienaber - 'n huldeblyk*. Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland, pp. 445-451.
- Schutte, H.J. 1982. *Ontmoeting by Dwaaldrif - 'n analise*. Johannesburg: Perskor.
- Searle, John R. 1969. *Speech acts. An essay in the philosophy of language*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Smith, Barbara Herrnstein. 1978. *On the margins of discourse*. Chicago: The University of Chicago Press.
- Van Coller, H.P.; Van Jaarsveld, G.J. (reds.). 1984. *Woorde as dade*. Durban: Butterworth.